

Hoofstuk van die dag: Kolossense 3

> *Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. (vers 1)*

Wat Paulus hier skryf, is ingrypend vir jou mens-wees. Jy is

op ’n geheimenisvolle manier aan Christus verbind. Wat met Hom gebeur het, het ook met jou gebeur. Sy dood op Golgota is ook jou dood. En – sy opstanding is ook jou opstanding. Jy is saam met Christus uit die dood opgewek (vers 1). Paasfees is nie net Christus se oorwinning oor sonde en dood nie, maar ook joune!
Dit beteken dat jy op ’n nuwe manier moet leef. Met jou gedagtes op die dinge wat daarbo is, gerig (vers 2).
Bedink en soek die hemelse dinge, sodat jy nuut en anders met die aardse dinge besig kan raak. Dit gaan nie daaroor dat jy in ’n ander, geestelike wêreld moet begin lewe nie, maar dat jy oor die geestelike dinge sal dink, sodat jy anders en op ’n geestelike wyse in *hierdie* wêreld sal begin lewe.
God maak jou nuut, sodat jy veranderd en nuut kan lewe, sodat jy na die gewone lewe kan teruggaan met nuwe waardes en nuwe prioriteite. Paulus spel dit uit in verse 5-17.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026